

2 Februarie 2014

Skrifgedeelte: Eksodus 13:1-2, 11-16
Fokusgedeelte: Eksodus 13:13

Al die eersteling behoort aan die Here

Volgens Eksodus 13 moet elke manlike eersteling aan God gewy word. Hiermee is na die verlossing uit Egipte verwys, toe al die eersgeborenes tydens die tiende plaag gesterf het, behalwe die eersteling van Israel. So beskryf Eksodus 13 dat die hingsvulletjie van 'n donkie losgekoop moet word. 'n Donkie is onrein en kan nie geoffer word nie. As die persoon nie die hingsvulletjie kan loskoop nie, moet sy nek gebreek word. Die donkie behoort aan God en niemand mag die vulletjie gebruik om op te ry of as pakkier gebruik nie. Jy mag nie God se donkie vir jouself gebruik nie. Daarmee word duidelik gestel dat al die eersteling aan God behoort. So is Israel geleer om in ALLES eerste aan die HERE te dink, die HERE moet eerste kom in jou hele lewe. Dit is 'n lewensbeginsel wat vir alle eeue geld.

Wat 'n oomblik toe die EEN wat ons moes loskoop op 'n losgekoopte Jerusalem binnery! Niemand het nog op die donkie gery nie (Luk. 19:30), afgesonder vir die Verlosser om te gebruik. Jesus Christus het gekom om al ons sondes te betaal, Hy het sy Gees gestuur om ons nuwe mense te maak en ons vir die koms van die Bruidgom voor te berei. Ons het soveel meer om voor dankbaar te wees as die volk in die Ou Verbond.

As God eerste in jou lewe is, sal dit ook in jou kerklike bydrae duidelik word. Dit is nie die hoeveelheid nie, maar die beginsel wat tel. Dink aan die arm weduwee wat twee geldstukkies ingegooi het in die skatkis en Jesus het gesê dat sy die meeste van almal ingegooi het. Dit beteken prakties dat 'n kerkraad geen lidmaat mag verskoon om nie kerklike bydrae te gee nie. Is die HERE werklik eerste in jou lewe – of ry jy op sy donkie, gebruik jy dit wat aan Hom behoort vir jouself?

Sing: Psalm 16:2, 3 (1936)

Ds PA (Peet) Coetzee (Potchefstroom)